

# Regering moes plan versigtiger oorweeg het

Mpiyakhe Dhlamini



## Die ander kant

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank het pas rentekoerse met 'n verdere 100 basispunte verlaag, wat beteken dat rentekoerse nou laer is as wat dit ooit was. Dit volg in die nasleep van die ekonomiese verwoesting wat gesaai is deur die Covid-inperkings plaaslik en in ons grootste handelsvennote.

Die Reserwebank verwag 'n inkrimping van 6,1% in die bruto binnelandse produk (BBP) vir vanjaar, terwyl Business for South Africa verwag dat die BBP met tussen 8% en 10% sal daal.

Daar is geen twyfel dat die republiek voor die belangrikste uitdaging sedert 1994 staan nie. Die regering moet op 'n massiewe gesondheidskrisis reageer terwyl die ekonomie, en dus ook staatsinkomste, daaronder ly.

Daarom moet die ekonomie aan die res van ons oorgelaat word om te hanteer.

Die ekonomie, bestaande uit miljardemense oor die wêreld heen wat almal hul eie belange nastreef, is veels te ingewikkeld om suksesvol deur enige organisasie bestuur te word, wat nog te sê 'n organisasie so ondoeltreffend soos die Suid-Afrikaanse regering. Die regering behoort homself ook nie in die posisie te stel om te bepaal watter goedere “noodsaaklik” is nie.

Hierdie roete van sentrale beplanning tydens die krisis het waarskynlik reeds onbedoelde gevolge gehad. Mense is met geweld in hul huise in hegtenis geneem en word gedwing om net dit te koop wat die regering as noodsaaklik ag ter uitsluiting van alles anders - soos boeke, skryf-

behoefte en elektroniese toerusting. Van die goed is miskien nie “noodsaaklik” in die regering se oë nie, maar is belangrik vir dinge soos geestesgesondheid en of ons uiteindelik 'n toename in huishoudelike geweld gaan sien. Om nie eens te praat van die miljoene in die informele sektor wat nie 'n lewe kan maak onder die bestaande regulasies nie.

Daarom moes die regering 'n plan wat slegs op gesondheidsrisiko's fokus baie versigtiger oorweeg het.

Hiermee bedoel ek die benadering wat hierdie week in die uitstekende aanbieding van prof. Salim Abdool Karim uiteengesit is. Dit sluit onder meer in die aktiewe opsporing van geïnfecteerdes, goeie mediese sorg, reaksie op nuwe uitbrekings op 'n deurlopende grondslag en die isolering van bejaardes en ander hoërisikogroepe. Hierdie benadering lyk veral aantreklik in die lig van die suksesse wat daarmee bereik is sedert die land drie weke gelede ingeperk is.

Maar dit is nie alles goeie nuus nie. Kyk 'n mens dieper, blyk daar probleme met die modelle te wees wat die regering gebruik. Volgens dié modelle sou daar na verwagting teen 2 April reeds 4 000 positiewe Covid-19-gevalle in die land wees. (Teenoor die ongeveer 2 500 wat ons in die middel van April het).

Die punt is dat ons nie onbepaald kan voortgaan om beleid te formuleer op grond van 'n model wat die doeltreffendheid van die voorgestelde beleid veronderskat nie.

As die modelle waarop hulle vertrou om sulke ingrypende inperkingsmaatreëls in te stel só gebrekkig is, is dit genoegsame rede om die inperking onmiddellik op te hef.

Verder moet die regering se raadgewers meer doen om die “mojo”-faktor (soos Karim verwys na die feit dat Suid-Afrika se infesiekoerse in die teenoorgestelde rigting beweeg as die algemene wêreldtendense) te verstaan. Dit kan baie dinge wees, insluitend die feit dat slegs 5% van ons bevolking ouer as 65 is (ons is wêreldwyd in die jongste kwartiel van lande wat die ouderdom van ons bevolking betref), en 40% is mans. Albei is bekende risikofaktore en dit kan wees dat dít die rede is waarom ons infesiekoerse relatief laag bly.